

Senties

Alles wat jy moet weet oor ons skool
tydens COVID-19




MASKERS

Dit is verpligtend om 'n masker te dra. Ons weet dit is ongemaklik, maar ons as Sentie-personeel maak baie planne om dit vir julle so gemaklik as moontlik te maak. Maak seker jou masker maak jou mond en jou neus toe.



WANNEER MOET JY BY DIE HUIS BLY?



Wat gebeur wanneer leerders by die skool aankom?

Voor leerders by die skool aankom word 'n elektroniese vraelys voltooi. Leerders wat nie vraelys voltooi nie word nie toegelaat nie. 'n Papiervraelys mag ook gevra word.

1. Mediese sifting van die leerder word gedoen, dit beteken: Leerders se koors word gemeet met geskikte apparaat.
2. Afstand van 1.5m word tussen leerders en personeel gehandhaaf. Daar is ook kolle gevef op die terrein.

Wat gebeur indien 'n leerder simptome toon?




1. Leerder sal toegang tot die skool geweier word en die ouer/voog moet die leerder terugneem huis toe.
2. Indien leerders reeds by die skool is, word u kind na die isolasiekamer geneem en die ouer/voog word dadelik gekontak.



- Leerlinge ontvang 'n toestemmingskaartjie om snoepie toe te gaan.
- Leerlinge tree aan op die kolle op die plaveisel.
- Net 2 leerlinge op n slag in die snoepie.
- Leerlinge moet eers die snoepie verlaat voordat die volgende leerling in die snoepie kan inbeweeg.
- Warm kosse moet die vorige dag of vroeg die oggend telefonies bestel word.
- Geen warm kosse sal oor die toonbank bestel kan word nie.
- Enige kind wat die reëls verontagsaam sal nie in die snoepie toegelaat word nie. U sal gebel word om u kind te kom haal vir die dag.
- Geen lekkergoed of kos mag met n maat gedeel word nie.


Kosblikke mag saamgebring word. Leerders word gevra om nie voedsel te deel nie. Persone wat kos voorberei, moet sorg dat hande ontsmet is met 'n handontsmettingsmiddel. Rou en ongekoekte kos, soos vrugte moet sorgvuldig gewas word met skoon, lopende water.



Maatreëls wat ons skool sal implementeer



Elke werknemer en leerder sal voorsien word van handreinigers, seep en skoon water om hul hande te was.



Klaskamers en skoolomgewing is ingerig sodag 'n afstand van 1,5m maklik gehandhaaf kan word.



Daar word van besoekers, personeel en leerders vereis om maskers te dra. Leerders Ontvang 'n shield wat gesaniteer sal word elke dag.



Daar sal verseker word dat werknemers en leerders hul hande met seeo en water was en ook hande gereeld ontsmet.



Die relevante protokol sal toegepas word indien enige leeders/werknemers COVID-19 simptome toon.



Ouers sal op hoogte gehou word van alle nuwe protokolle en verskeie maatreëls wat geïmplementeer moet word.

Hoe om jou hande te was



Was jou hande vir 20 sekondes



Maak jou hande nat

Gebruik seep, was jou handpalms, bo kant van jou hande.

Was deeglik tussen jou vingers.



Spoel jou hande af

Droog hande af met papierhanddoek.

Gebruik jou papierhanddoek om kraan toe te draai. Gooi die papierhanddoek weg.

Belangrike dinge wat jy tydens COVID 19 moet onthou:



Was jou hande onder
lopende water vir
20 sekondes!



ONTHOU:
Groet mekaar so!



Dra jou masker!



Hoes/nies in jou arm



Hou jou afstand
1.5 meter







Saniteer jou hande
gereeld

VIR ENIGE EMOSIONELE GEMOEDSRUS

Praat gerus met jou onderwyser/es indien jou hart die behoefte het.

PROSEDURE BY DIE SENTIES SE SKOOLHEK

- Arriveer by die skool met jou masker aan. 
- Meld aan by die hek soos aangedui (Behou jou afstand van 1.5m ten alle tye.) 
- Temperatuur word geneem. 
- Hande, skoene en tas word gesaniteer. 
- Staan op jou kol, daar is onderwysers aan diens.  
- In die klas gaan jy jou gesigskerm ontvang! 

HET JY ENIGE VAN DIE VOLGENDE SIMPTOME?




- Temperatuur bo 37.5°C ?
- Het jy 'n skielike droë hoës?
- Is jy kortasem?
- Is jou keel seer?
- Het jy die afgelope 14dae kontak gehad met iemand wat besmet is met COVID-19?











INDIEN JY EEN OF MEER VAN HIERDIE SIMPTOME HET, KAN JY ONGELUKKIG NIE SKOOL BYWOON NIE.

Wat is anders by ons skool?

- ✓ Daar sal geen saalpriodes wees nie.
- ✓ Geen leerders wissel klasse nie.
- ✓ Almal het op verskillende tye en plekke pouses.
(Daar is blokke en kolle om dit vir jou makliker te maak)
- ✓ Jy moet altyd 1.5m uitmekaar uit bly.



Wat moet jy doen as jy by die huis kom?

- Trek jou skoene uit voor jy in die huis in gaan. 
- Los jou tas net binne in die deur. 
- Saniteer jou hande. 
- Haal jou masker korrek af sonder om aan toutjies te vat. 
- Was jou masker met seep. 
- Gooi jou klere in die was. 
- Saniteer jou hande. 
- Eet 'n gesonde middagete. 
- Haal boeke uit en doen huiswerk. 
- Saniteer jou hande. 

Senties, hier is belangrike inligting wat julle moet onthou:

- ⊗ Moenie jou masker met iemand deel nie.
- ⊗ Onthou om jou masker elke dag te dra.
- ⊗ Moenie aan jou gesig vat nie.
- ⊗ Moenie jou skryfbehoeftes uitleen nie.
- ⊗ Hou jou naels mooi kort en skoon.
- ⊗ Moenie eetgerei deel nie.
- ⊗ Moenie grappies maak oor iemand wat siek is nie.
- ⊗ Bly by die huis as jy siek voel.
- ⊗ Praat met jou onderwyser/es as jy begin sleg voel.



Meneer se boodskap aan ons Sentie leerders en ouers:

Hoe vreemd kan vreemd werklik wees? Hoe onseker kan onseker werklik wees? Hoe anders het 2020 nie uitgedraai nie. Daar was nog nie en sal ook nie weer 'n skooldag soos 1 Junie 2020 wees nie. Ons staan almal op die drumpel van 'n sogenaamde nuwe normaal waarvoor ons bloot nie gepas voorbereid is nie – ons was nog nie in so 'n situasie nie. Ten minste is daar die vertroosting dat ek nie alleen is nie en dat almal skielik verstaan dat ek kwesbaar is want jy ervaar ook nou die kwesbaarheid.

Tydens die pandemie was dit dikwels humor wat dinge vir ons draaglik gemaak het. En dit is nou reeds kenmerkend van ons Suid-Afrikaners om met 'n brokkie humor en lekker lag die swaarkry, spanning en angs ligter te maak. Wanneer die leerders Maandag by die skool opdaag, gaan dit beslis, nie 'n perd nie, maar 'n lap van 'n ander kleur wees. Dit gaan nie net vreemd wees nie. Dit gaan ook snaaks wees om almal gemasker en selfs onherkenbaar te sien. Die jeug het onder gunstige omstandighede hulle eiesoortige uitdagings en bekommernisse. Grootword is nie vir sissies nie! Hoeveel te meer sukkel hulle dan nie om midde die pandemie staande te bly, koers te hou, hoop te hê?

Ons is almal in dieselde bootjie. Mag ons opnuut 'n waardering en respek vir die Lewe hê asook 'n deernis vir die ander persoon 1,5 meter van my af.